# Hillcrest High School

Graad 11

## AFRIKAANS EAT VRAESTEL 2

JUNIE 2025

**PUNTE:** 70

**TYD: 2 uur**

**EKSAMINATOR:** Mev. L. Middleton

**MODERATOR:** Mev. S. Strydom

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING.

1. Hierdie vraestel bestaan uit EEN afdeling.

   Roman: Lien se lankstaanskoene 70 punte

   Beantwoord **AL** die vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies baie goed deur.


3. Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.

   Me. Strydom, Middleton, Henderson, Wessels of Papé.

4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Skryf netjies en leesbaar.

**Lien se lankstaanskoene**



**VRAAG 1.**

Lees die uittreksels hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS A.**

Hoofstuk 1. Geel en gelukkig

"Jy lyk by die dag meer na Josh Groban," giggel sy. "Ma moet gaan slaap." sê Braam vies met 'n mond vol roereier. Hy ruk sy kop weg, maar hou aan kou sonder om op te kyk."

---

Haar ma lê reeds en snork, dwarsoor die bed, sommer met klere en al. Lien sug en soek na die naaldwerktrommeltjie onder in haar ma se ingeboude kas. Sy sit die lig af en maak die deur toe. Haar ma sal waarskynlik môre weer nie by die werk uitkom nie.

---

Sy sit 'n CD in haar Walkman en die oorfone op haar kop.

---

Lien kyk op. "Ek haat jou," sê sy vir hóm in die spieël. "Ek... háát...jóú," sê sy weer, stadiger, afgemeet, klem op elke woord.

1.1. Wat is Lien en Braam se ma se naam en van? (1)

1.2. Hoekom sê Braam vir sy ma dat sy moet gaan slaap? (1)

1.3. Wat het die gesin daardie aand vir aandete gehad? Noem 2 ANDER kositems wat nie in die uittreksel verskyn nie. (2)

1.4.1. Hoekom het Lien items uit die naaldwerktrommeltjie nodig? (1)

1.4.2. Stem jy saam met die tradisionele idee dat dit die ma/vrou se rol is om die naaldwerk in die huis te doen?

Ja/Nee? Verduidelik in jou eie woorde waarom jy so sê. (1)

1.5. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer neer.

Hoekom sal Lien se ma waarskynlik môre nie by die werk uitkom nie?

A Sy is baie siek.
B Sy is te moeg om op te staan.
C Sy het te veel gedrink.
D Sy is van plan om inkopies te gaan doen. (1)

1.6.1. Na wie se musiek luister Lien graag? (1)

1.6.2. Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die korrekte antwoord neer.

Die musiek waarna Lien luister is vir haar (‘n verbetering/’n vertroosting). (1)

1.7. Lien is duidelik baie kwaad vir iemand. Sy sê dat sy iemand haat. Wie is dit? (1)

1.8. Bespreek jou verhouding met EEN van jou ouers. (1)

1.9. Wat beteken die titel van hierdie hoofstuk, Geel en gelukkig? (2)

**(13)**

**VRAAG 2.**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS B.**

Hoofstuk 2. Jou standaard-skoolnommertjie

Hulle kan die skoolhek sien. Ouers laai kinders af. Karre trek weg en kinders drentel geselsend in die rigting van die hek, sakke lui oor skouers. Sy kan steeds nie aan dié skool gewoond raak nie. Dis nou al meer as ‘n jaar en haar maag maak steeds ‘n draai elke keer as sy hier instap. Sy haat die plek.

Wouter raak haastig toe hulle by die hek kom. Hy het ‘n krieketvergadering iewers in ‘n klas, mompel hy ‘n verskoning.

Lien is teleurgesteld. Dis nou byna elke oggend se ding. In die begin het hulle altyd saam onder die jakarandabome langs die saal gaan sit totdat die skoolklok lui. Deesdae is sy op haar eie.

2.1. Waar ontmoet Lien en Wouter mekaar elke oggend voordat hulle skool toe stap? (1)

2.2. Tannie Bets het 2 moonlike werksgeleenthede vir Lien gereël.

2.2.1. By watter 2 TIPE winkels is die moontlike werk? (2)

2.2.2. By die een werk sou Lien R10.00 per uur verdien, plus *tips*.

Gee die Afrikaanse woord vir: *tips*. (1)

2.2.3 Hoeveel sou Lien, per uur, by die ander werk verdien het? (1)

2.3. Verskaf die naam van die skool wat Lien nou bywoon. (1)

2.4. Haal 4 opeenvolgende woorde uit Teks B aan wat aandui hoe Lien oor die skool voel. (1)

2.5. Wat kan ons aflei omtrent Lien se vriendekring wanneer Wouter na sy krieketvergaderings gaan? (1)

2.6. Waar gaan Lien wegkruip as sy soggens, voor skool, alleen is? (1)

2.7. Ons lees dat Lien 'n lysie agterin haar Lewenswetenskappe-boek maak.

2.7.1. Wat is op die lysie? (1)
2.7.2. Noem 2 plekke op die lysie. (2)

2.8. Kies die KORREKTE antwoord tussen hakies, skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

Lien se gunsteling skoolvak is (Biologie / Besigheidsstudies / Engels). (1)

2.9. In Lien se Lewensoriëntering klas deel Meneer Bruwer die klas in groepe om aan 'n projek te werk.

2.9.1. Waaroor gaan die projek wat Meneer Bruwer vir die klas gee? (1)
2.9.2. Wat is die groepie waarin Lien haarself bevind, se onderwerp? (1)
2.9.3. Gee die name en vanne van die ander 3 lede van Lien se groep. (3)

2.10. Waarna verwys die titel van dié hoofstuk? Wees spesifiek. (2)

2.11. Bespreek EEN ding wat Lien anders kon gedoen het om meer van die nuwe skool te hou. (1)

2.12. Hoe sou jy voel om in graad 11 by 'n nuwe skool te begin? (1)

**(22)**

**Sub-totaal:35**

**VRAAG 3.**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS C.**

| |
|---|
| Hoofstuk 3. ‘n Kakofonie van klanke<br><br>“Speel asseblief vir my iets,” sê Lien op die ingewing van die oomblik. “Ma het eeue laas aan die klavier gevat. Speel vir my daai Schubert-ding wat Ma altyd net vir my gespeel het toe ek klein was,” pleit sy byna.<br><br>_________<br><br>Lien maak ‘n lysie van alles wat hulle gehad het en tel die items bymekaar. Sy bereken 20% en trek dit af. Hulle totale rekening is R78 ná die korting. Die vriendelike man betaal met ‘n R100-noot en sê sy kan die kleingeld hou. R22! Lien kan haar geluk nie glo nie. Wouter is reg. Die spulletjie kan dalk nog werk.<br><br>__________<br><br>Haar lang pel met die deurmekaar hare. Haar beste pel, eintlik haar enigste pel. Haar *brother in arms*. |

3.1. Vul die KORREKTE woorde in die oop spasies in. Skryf net die vraagnommer en die twee woorde neer.

Aan die einde van die hoofstuk dreig Lien om die klavier te 3.1.1. v_______ vir 3.1.2. _________. (2)

3.2. Gee die Afrikaanse NAAM van die plek waar Lien werk. (1)

3.3. Lien het op haar eerste dag by die werk ‘n fout gemaak. Verduidelik wat sy verkeerd gedoen het. Wees spesifiek. (2)

3.4. Na die onaangename insident by die werk, het Lien vir haar baas ‘n bynaam gegee. Wat was die bynaam? (1)

3.5. Lien het ‘n inkomste nodig. Noem TWEE redes waarom Lien geld wil maak. (2)

3.6. Wouter is Lien se enigste vriend.

Noem 2 goed wat hulle in gemeen het, wat veroorsaak het dat hulle vriende geword het. (2)

**(10)**

**VRAAG 4.**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS D.**

Hoofstuk 6. A change of scenery

Sy wonder oor Wouter. Is hy al moeg oor sy mislik is met die ander kinders by die skool? Sy kom agter hy is ongemaklik as sy haar so eenkant hou. Hy het haar aangemoedig om vir die oudisie te gaan. Hoekom wil hy so graag hê sy moet aan die simpel toneelstuk deelneem?

___________

Braam kom met sy oor-die-muur krieketsak by die deur in en gaan staan in die deur. Lien sien hy is net so verbaas soos sy was. Hulle kyk vir mekaar. "Ons kan so oor twintig minute eet," sê hulle ma en sit die radio'tjie weer harder.

___________

4.1. Verduidelik wat dit beteken as Lien mislik is met die ander kinders by die skool. (1)

4.2. Gee EEN rede waarom jy dink Wouter wil hê Lien moet aan die toneelstuk deelneem. (1)

4.3. Haal 1 woord uit Teks D aan wat aandui wat Lien se opinie aan die begin, oor die toneelstuk is. (1)

4.4. Rangskik die volgende gebeure in chronologiese volgorde, volgens die roman.

Skryf slegs die vraagnommer en die LETTERS neer.

A. Elkeen gaan 'n beurt kry om 'n stuk te lees.
B. Lien kry 'n weird gevoel agter die verhoog gordyne.
C. Lien besluit om die oudisie by te woon.
D. Juffrou Breytenbach ontvang 'n oproep. (4)

4.5. Wat/wie was Lien se motivering om die oudisie by te woon? (1)

4.6. Wat beteken dit dat Braam se krieketsak "oor-die-muur" was? (1)

4.7. Wat het Lien en Braam se ma daardie middag gedoen wat die twee kinders so verras het? (1)

**(10)**

**VRAAG 5.**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**TEKS E.**

> Hoofstuk 8. Weird Maria
>
> Hulle kom Vrydae vroeër uit en sy en Wouter sit by hulle tafel buite die Wimpy vir ‘n vinnige koffietjie voordat sy by Creations moet begin.
>
> Soos sy verwag het, is hy in sy skik met haar rol in die toneelstuk. “As dit nie met my ekstra Wiskunde-klasse gebots het nie, sou ek julle ge*join* het,” sê hy terwyl hy ‘n pakkie suiker in sy koffie gooi.
>
> Hulle praat oor die vakansie wat oor twee weke begin.
>
> ___________
>
> Op die kop halfdrie kom Braam versigtig by die glasdeur in. Die rugsak hang nog steeds oor sy skouer. Hy kyk ongemaklik om hom rond.
>
> “Welkom!” roep Donovan, wat besig is om ‘n vrou se hare droog te blaas. “Jy moet Braam wees. Ek is nou by jou!”

5.1. Die volgende stelling is ONWAAR.

Volgens die teks is Wouter kwaad dat Lien ‘n rol in die toneelstuk gekry het.

Haal 5 OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat bewys dat die stelling ONWAAR is. (1)

5.2. Stem jy saam met die volgende stelling? Ja/Nee en gee ‘n rede om jou antwoord te motiveer.

Wouter is nie ernstig oor sy skoolwerk nie. (1)

5.3.1. Wat weet jy omtrent Wouter se ouers se huwelik? Noem 1 feit. (1)

5.3.2. Waar woon Wouter se pa? (1)

5.3.3. Watter sin is NIE korrek NIE? Skryf net die vraagnommer en die LETTER neer.

A. Wouter se ma se naam is Yvette.
B. Wouter en sy sussie is nie kwaad vir hulle pa nie.
C. Wouter hou van sy pa se nuwe vrou.
D. Wouter se ouers was goed met baklei. (1)

5.4. Watter WOORD dui aan dat Braam nie tuis voel in die haarsalon nie? (1)

5.5. Daar is TWEE REDES waarom Braam by die haarsalon is.

Wat is die twee redes? (2)

**(8)**

**VRAAG 6.**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F.**

| |
|---|
| Hoofstuk 10 Iets om die palaat te verfris.<br><br>Lien weet steeds nie wat om te sê nie. Die kelner bring gelukkig hulle kos. Dit ruik hemels. Lien lig haar glas Coke en sê: "*Cheers.*" Hulle klink glasies.<br><br>Lien se selfbeheersing is daarmee heen. Sy duik in die bord kos in, weet nie lekker wat om eerste te eet nie. Sy eet soos iemand uit 'n konsentrasiekamp. Die *steak* is taaierig, maar dis die lekkerste stuk vleis wat sy in 'n baie lang tyd geëet het. En die tjips. Dit smelt in haar mond. Sy dink skuldig aan Braam van vanmiddag Marmite-toebroodjies moet eet. |

6.1.1. Wie het vir Lien genooi vir ete? (1)

6.1.2. Dit is 'n spesiale geleentheid. Wat vier hulle? (1)

6.1.3. Waar het hulle gaan eet? (1)

6.1.4. Kies die KORREKTE woord tussen hakies om die sin te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die WOORD neer.

Lien was (jaloers/verbaas) deur die uitnodiging vir ete. (1)

6.2 Noem 'n verskil tussen Lien en die persoon wat haar uitgeneem het vir ete.

Jy moet na altwee karakters verwys. (2)

6.3 Toe Lien daardie middag by die huis kom, was sy verbaas om te sien dat Braam vir Deon genooi het om PlaySation te speel.

Noem 1 rede waarom Lien nooit iemand na hulle huis toe sou nooi nie. (1)

**(7)**

**Sub-totaal: 35**

**GROOTTOTAAL: 70**